

14 Augustus

Fokusgedeelte: Spreuke 26:4

My swye teenoor die dwaas

Die lewe is kompleks en dieselfde antwoord is nie toepaslik in alle situasies nie. In vers 4 sê die digter “Moenie ‘n dwaas se vraag op net so dwase manier beantwoord nie; hy sal dink jy is soos hy.” Spreuke 26 handel oor verskillende vorme van dwaasheid . In vers 4 en 5 vind ons twee tekste wat lyk of hulle mekaar weerspreek. Wanneer ons hulle van nader bekyk, sien ons dat die wysheidsdigter hom nie weerspreek nie! Vandag kyk ons ‘n bietjie dieper na vers 4, môre na vers 5.

Ons moet deeglik let op die verskillende betekenisse van die woorde “na sy sotheid” (OAV). In vers 4 beteken “na sy sotheid” dat jy nie sy dwaasheid moet probeer beantwoord met wonderlike redenasies nie, want dan gaan hy dink sy redenasie is die moeite werd om oor te debatteer. Hy gaan dan aanhou en aanhou, want hy wil hom regverdig. Hy gaan dink *jy en hy is ewe slim* (letterlik: “jy word gelyk aan hom”), want jy kan hom/haar nie oortuig nie. Die dwaas gaan dink jy is soos hy. Moet dus nie aanhou om die dwaas reg te help nie, want ‘n dwaas leer nie uit sy foute nie. Jy mors jou tyd.

Wanneer iemand dus iets dom/dwaas/belaglik sê en dit skaad nie die koninkryk van God nie, ignoreer dit! Antwoord die dwaas dan nie *na sy sotheid* nie! Sinnelose redenasies neem baie van die tyd in beslag wat ons kon aangewend het tot eer van God en tot uitbreiding van sy koninkryk. Satan sal alles in sy vermoë doen om te keer dat ons God se wil in ‘n bepaalde situasie doen. Hy is ‘n meester in die aanblaas van rusies om partye verder uitmekaar te dryf. Paulus sê vir Timoteus (2 Tim 2:23): “Moet jou nie met dwase en sinlose strydvrage inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak.”

Sing: Psalm 14:1,2,3 (Wysie Ps 104) Ds OA Oosthuizen (Secunda-Oos)